



Wenk van die Maand

Februarie 2020

VILLA ONKRUIDDODERS EN SOUT BYVOEGMIDDELS

Sout byvoegmiddels word algemeen met Villa onkruidodders, wat deur opgeloste antagonistiese katione in spuitwater benadeel word, gebruik. Hierdie onkruidodders sluit glifosaat, glufosinaat, kletodim, halosulfuron, ens in.

Villa het dit duidelik gemaak dat ons net sekere ammoniumsulfaat produkte vir hierdie doel ondersteun. Ons het uitgebreide navorsing gedoen en gevind dat hierdie produkte die effektiwste manier is om antagonistiese katione te neutraliseer en om onkruidoder aktiwiteit te verhoog.

Sekere van die redes vir ons standpunt sal kortliks bespreek word.

Sout byvoegmiddels verskil van mekaar

Alhoewel baie sout byvoegmiddels ammoniumsulfaat bevat, is daar nog groot verskille tussen die produkte.

Eerstens verskil die hoeveelheid ammoniumsulfaat in die formulering tussen hierdie produkte. Twee sout byvoegmiddels kan dus 'n totaal verskillende invloed op onkruidbeheer hê, veral wanneer die waterkwaliteit swak is.

Tweedens kan sekere ammoniumsulfaat byvoegmiddels ook ander komponente soos sure, benatters en herbenatters bevat. Navorsing het gewys dat nie alle sure, benatters en herbenatters ewe effektiw met alle onkruidodders presteer nie. Dit is die rede waarom Villa net spesifieke bestandele in ons ammoniumsulfaat produkte, wat ook benatters en herbenatters bevat, gebruik.

Derdens mag hierdie addisionele bestandele ook 'n invloed op ander komponente in die spuitmengsel uitoefen. Maak seker dat hierdie bestandele voordelig of neutraal teenoor die res van die tenkmengsel is en dat dit nie antagonistiese of onverenigbare spuitmengsels veroorsaak nie.

Ander voordele van ammoniumsulfaat

Die hoof funksie van ammoniumsulfaat is om die antagonistiese katione in spuitwater te neutraliseer. Die ammoniumsulfaat werk op druppelvlak en bind die mees algemene antagonistiese katione. Verhoogde beheer van onkruidodders word egter dikwels met ammoniumsulfaat in lae soutinhoud water behaal. Dit is ook met sekere onkruidodders in proewe bevestig, selfs waar gedistilleerde water gebruik is. Daar is nog verskille wat die rede hiervoor is, maar dit beklemtoon die belangrikheid van die standaard gebruik van ammoniumsulfaat met hierdie onkruidodders aan.

Wanneer sout byvoegmiddels gebruik word wat minder of geen ammoniumsulfaat bevat, is daar 'n kans dat hierdie addisionele verhoging in beheer nie plaasvind nie. Die mees effektiwste produk vir Villa se onkruidodders wat 'n sout byvoegmiddel aanbeveel, is 'n suiwer spuitgraad ammoniumsulfaat byvoegmiddel teen die korrekte dosis. Dit word in al die Villa ammoniumsulfaat produkte bevat.

Villa se mening

Villa beveel net sekere ammoniumsulfaat byvoegmiddels met hierdie onkruidodders aan. Daar is baie redes hiervoor, maar ons hoop dat hierdie bespreking kortliks ons standpunt hieroor verduidelik. Ammoniumsulfaat byvoegmiddels behoort as 'n standaard praktyk met onkruidodders gebruik te word, wanneer die etiket dit aanbeveel. Indien hierdie Villa onkruidodders nie met die korrekte byvoegmiddel toegedien word nie, is daar 'n groot kans vir oneffektiwiteit of onverenigbare spuitmengsels.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za